[13]

MEMORANDUM

Received 19/02/92.

AAN: Werkgroep 2
Kodesa
Posbus 307
ISANDO
1600

VAN: Prof. J.C. Kok
Derde Straat 44
Linden 2195

As werkgroep wat konstitusionele beginsels en prosesse as u verantwoordelikheid het, wil ek graag net enkele gesigspunte onder u aandag bring - waaraan u sekerlik self al aan gedink het:

* U werk nie van 'n nulpunt af op 'n skoon lei nie. Die bestaande opset in die land (of ons daarvan hou of nie) moet die vertrekpunt wees. 'n Bestaande situasie moet verander word - niks kan de novo geskep word nie. Die huidige opset is 'n gegewe feit wat nie weggewens kan word nie. Dis waar u begin.

* In samehang met die voorafgaande: sekere bestuursbevoegdhede, administratiewe strukture, besluitnemingsbevoegdhede en magsgebiede bestaan in elke gebied van die land. 'n Nuwe konstitusie sal eweneens nie net 'n streep daardeur vanaf 'n sekere datum kan trek nie. Gevestigde belange is gewenstigde belange en sal kundig en realisties in 'n nuwe konstitusie geakkommodeer moet word.

* 'n Nuwe konstitusie hoef nie nou eenmalig en finaal gemaak te word nie. Ruimte vir aanpassings en groei soos verandering gaan intree moet moontlik wees - te midde van basiese vastighede wat die nodige sekuriteit moet gee. Fases of stappe in 'n proses wat oor 'n hele aantal jare kan strek behoort nie onaanvaarbaar te wees nie. Wysheid kom oor tyd en in stukkies.

* 'n Balans moet gevind word wat die oorgang betref tussen bekwame spoed en versigtige skuiwe - tussen jaag en bekruip. Te veel radikale veranderinge in 'n kort tyd gaan ons ernstig destabiliseer. Ons het reeds 'n klomp hoogs sensitiewe veranderinge in 'n kort tydjie weg. Die pas van verandering mag

egter nie vir 'n tydperk gestaak word nie. Dit moet fyn gemonitor word om die gemeenskap nie te oorspan nie.

* 'n Eenheidstaat met die meeste mag op sentrale vlak is 'n resep vir 'n selfvernietigende ramp in ons heterogene opset. Baie en veel kleiner streke met regerings met 'n maksimum regeringsgesag lyk na die werkbaarste opsie. 'n Kantonagtige of 'n federatiewe stelsel van 'n soort is onvermydelik - ook gesien in die lig van my eerste punt. 'n Groot "melting pot" hier is net so onhaalbaar soos apartheid en gaan selfvernietigend wees.

* 'n Laaste ietwat ironiese gedagte: al u besluite en voorstelle gaan u persoonlik en u eie belange net so intens raak as vir die res van die land. Sorg goed vir u eie belange dan het u goed gesorg vir die meeste van ons se belange!

Wysheid, genade en sterkte word u toegewens.

Vrede en voorspoed

JKok

Prof. J.C. Kok

JK/ck